

2 Mei

Filippense 4:2-9

(Teks: 4:5)

Die Here is altyd naby ons

Die belangrikste in hierdie lewe is die feit dat die Here altyd naby ons is.

Die Here is naby, want
Hy het gekom.

Hy is ongeveer twee duisend jaar gelede in Betlehem gebore. Hy het Homself aan die kruis op Golgota geoffer om ons met God te versoen. Hy het sy Gees gestuur om in ons te kom woon. So is Hy altyd by ons!

Hy kom weer.

Hy kom weer om ons te kom haal sodat ons ook kan wees waar Hy is. Ons weet nie wanneer Hy weer sal kom nie. Hy sal skielik en onverwags kom. As ons let op die tekens van die tye, dan weet ons die Here is naby!

Die Here is naby - dit is die grond en beweegrede waarom Paulus in ons tekshoofstuk ons oproep tot blydschap (vers 4); ons oproep tot insiklikheid teenoor alle mense (vers 5a); ons oproep tot gebed (vers 6); vrede aan ons toesê (vers 7).

Die Here is naby ons - dit het 'n beslissende invloed op ons lewe; dit laat ons voorspoed en geluk ervaar; laat ons die teenspoed en teleurstellings in ons lewe verwerk; troos ons in ons droefheid; verklaar die verrassende uitkoms uit ons nood; verklaar die onverwagte herstel na 'n ernstige siekbed.

Die Here is naby ons - met hierdie troos en bemoediging kan ons die onbekende toekoms ingaan!

Sing Psalm 34:1

Ds. J.J. de Klerk (Boksburg-Suid)